**COMPATRIOTS OF SOUTH AFRICA**
Tel: 041 481 4886, Email: info@compatriotsofsouthafrica.com
13 Goss Cresent, Extension 22, Bethelsdorp, 6059
https://compatriotsofsouthafrica.com
https://www.facebook.com/CompatriotsSA

# DIE MANIFESTO VIR DIE AGTERGEBLEWENDE MENSE VAN SUID-AFRIKA:

**Die eerste demokratiese verkiesing het baie beloftes gemaak van ’n reënboog nasie en dat almal wie in die land bly sal deel in die vooruitgang van Suid-Afrika. Daardie belofte was doodgebore. Die ANC het nog nooit beplan om by daardie belofte te hou nie.**

**Die DA het gedurende die 2016 plaaslike verkiesing wyd en suid verkondig: “Waar ons regeer is daar vooruitgang. Leen vir ons julle stemme vir 5 jaar en ons sal bewys dat ons vooruitgang sal bring.” Athol Trollip was die leier van die politieke party wie aan bewind was in Port Elizabeth. Vandag kan ons getuig dat dit net leë beloftes was.**

**Ons het 25 jaar gelede ons vertroue in die ANC geplaas en was om die bos gelei met beloftes. Vandag sien ons nie bruinmense in leiers posisies nie, nog minder is daar bewyse dat bruinmense gelyke geleenthede kry om werk te kry. Ons het ons stemme aan die DA geleen omdat hulle gesê het dat hulle die bruin stem nodig het om verandering te bring. Vandag is ons mense in areas soos die Noordelike Areas van Port Elizabeth, Kaapse Vlaktes, Graaff-Reinette, Enon, Tsitsikamma, Noord-Kaap en vele ander bruin gebiede selfs slegter daarna toe.**

**Hulle sê dat die bruinmense ’n verdeelde volk is en nie kan saamstaan nie. Hulle was van die opinie dat bruinmense hulself nie sal kan organiseer en hul eie politieke party sal begin nie. Hulle was verkeerd. Genoeg is genoeg! Nooit weer sal ons ons stemme laat misbruik deur partye wat ons soos kondome weggooi wanneer hulle ons klaar misbruik het nie.**

**Compatriots of South Africa is gebore en in die lewe geroep om ons eie stem te wees. Om ons bruinmense se waardes en menswaardigheid te herstel en te laat herlewe. Om ons eie omstandighede te verbeter en te bewys dat ons soos een man, soos die Bruin Korpse die wapen kan opneem en vir ons regte te baklei.**

## ONS VISIE OM LEWE TE BRING AAN DIE HERSTEL VAN ONS MENSWAARDIGHEID:

Ons beplan nie vandag om leë beloftes te maak aan ons gemeenskappe nie. Ons beplan nie om u om die bos te lei deur te sê dat ons genoeg stemme kan kry om te regeer nie. Wat ons wel kan sê is dat ons genoeg stemme kan werf om verteenwoordiging vir ons eie mense in parlement te kan kry. Deur op parlementêre vlak verteenwoordiging te kry beteken dat ons u stem word op die hoogste vlak in Suid-Afrika. Dit beteken dat ons die dinge wat ons eie gemeenskappe raak en grief op die tafel kan sit in portefeulje komitee vergaderings. Dit beteken ook dat ons nou betrokke kan raak met die wetgewing wat die lewens van ons eie mense kan beïnvloed.

Dit beteken verder dat ons na Fase Twee kan oorgaan waar ons sal deelneem aan die 2021 plaaslike verkiesing en ook elke tussentydse verkiesing wat sal plaasvind voor 2021.

Dit is onse geleentheid om die regerende party te word daar waar ons bly. Dit verskaf dus die geleentheid om aan bewind te kom op plaaslike vlak. Dit is ons stemme wie die DA die regerende party in Port Elizabeth en Kouga gemaak het. Neem jou stem terug! Gebruik jou stem om jouself, jou familie, jou buurman of buurvrou in ’n posisie te stel om jou te verteenwoordig. Kom ons vat onse stem terug om sodoende ook ons mag terug te win.

## INGESLUIT IN DIE EKONOMIE:

Toegang tot die ekonomie word verdeel in twee groepe: een vir tradisionele swart Suid-Afrikaners en die ander vir tradisionele wit Suid-Afrikaners. Die Bruinmense het agtergebly en vergete geraak in hierdie proses. Jy is of nie swart genoeg nie, of nie wit genoeg nie. Ons is buite gelos in die koue waar ons andere moet toeskou wie wel die voortrek kry in ons land Suid-Afrika. Wie is ons wat buite in die koue verlate staan? Die stiefkinders van die ekonomie? Sommige van ons is afstammelinge van die Khoi, San, Boesman, Griekwa ensovoorts. Sommige van ons is die produk van gemengde verhoudings en huwelike. Sommige verkies om geklassifiseer te word en as Kleurling bekend te staan.

Kleurling is nie ’n nasie nie. Dit is ’n Apartheid klassifikasie. Dit was afgeskaf toe ons ’n Demokratiese Nasie geword het, maar ons word nog steeds gedwing deur institusionele prosesse om die woord *Kleurling* te aanvaar of alternatief as swart afgemaak te word.

Compatriots of South Africa glo dat ons wel deel kan neem aan die ekonomie, maar dit sal moet begin met ’n missie om ons mense te onderrig, bemagtig en ontwikkel in ons gemeenskappe in die onderskeie wyke om ekonomiese aktiwiteite te begin, te onderhou en ook geld te herwin wat deur ons vingers geval het as gevolg van ons eie nalatigheid en onkunde in die politiek en stand van sake. Dit sal ons die geleentheid bied om ons eie brandmerk te maak in Suid-Afrika om sodoende ons eie teikenmarke te skep en ons eie besighede te ondersteun om ons eie mense vooruitgang en voorspoed in hul plaaslike besighede te bied.

Ons wil ook die proses vergemaklik vir nuwe en bestaande besighede om besigheid te doen en handel te dryf in Suid-Afrika. Die ANC en DA belowe vir lank om dit te doen, maar misluk daarin keer op keer om hul beloftes uit te voer. As hulle wel ernstig was in hul beloftes om die proses te vergemaklik, sou die SME’s en SMME’s vanaf die Noordelike Areas in Port Elizabeth nie nou nog gesukkel het om hul besighede op dreef te kry nie.

Ons beoog om besigheidsentrums op die been te bring in die verskillende areas wat sal help om ons mense te onderrig in die are waar hulle bly. Hierdie sentrums sal help om nuwe en reeds bestaande besighede die prinsiepe van hoe om besighede te bestuur en volhoubaar te maak te leer. Die besigheidsentrums se werkers word gekies uit die plaaslike professionele en opgevoede mense om hul eie mense te leer in ’n taal wat hulle kan verstaan. Administratiewe ondersteuning sal aangebied word deur middel van administratiewe dienste vir wetgewing, rekenkunde, arbei en gesondheidsdienste vir ondermeer alkohol en dwelmverslawing en psigiatriese struikelblokke wat werkgewers en werknemers mag ondervind. Hierdie sal nie net die besigheidsmense in die omgewing bemagtig nie, maar sal ook werk skep vir reeds bestaande besighede om professionele dienste te verskaf aan hul eie mense en dus ook die rykdom van die areas te bewaar en herwin.

Ons wil tender vir beleggings (plaaslik en uitheems) wat ons sal toelaat om produkte en dienste aan ons eie gemeenskappe te bied om dit makliker te maak vir ons ouer en kwesbare mense om toegang te het die hierdie dienste. Dit sal die standaard en leefwyse van ons mense verbeter deur hul eie ekonomiese vooruitgang te ontwikkel en onderhou. Ons wil sterk wettige entiteite soos die PTY's, koöperatiewe en Nie-Winsgewende Organisasies (NPO's) op die been bring wat toegang sal het tot Regerings Finansiële Organisasies soos NYDA, SEDA, NATIONAL EMPOWERMENT FUND, THE JOBS FUND en Departement van Sosiale Ontwikkeling asook die Departement van Handel en Bedryf (Trade and Industry).

Compatriots of South Afrika wil strukture soos besigheidsforums en sake kamers ontwikkel wat ons verskillende sektore sal formaliseer om die plaaslike, provinsiale en nasionale regering te forseer om ons pogings raak te sien en sal noop om ondersteuning te bied op die internasionale markte. Ons wil fokus op industrieë soos toerisme, landbou, kleinhandel, professionele en vermaak sektore.

Dit behoort nie die regering se plig te wees om werk te skep nie, maar eerder om bevorderlike ondersteuning te bied om beleggings in die besigheidsektore te bevorder om suksesvolle besighede te begin en handel te dryf.

Indien ons sterk besighede kan begin bou en ontwikkel, kan ons meer werkgewers op die been bring, meer werk verskaf, ons eie families begin onderhou en ook ons eie ekonomie skep, onderhou en as sulks 'n bydrae maak tot die totale ekonomie. Ons kan en sal nie bly lei aan 'n "slagoffer" sindroom nie.

Ons visie om in beheer van die munisipaliteite te wees in 2021 sal verseker dat ons gelyke verdeling van die begroting en werksgeleenthede wat geskep sal word kan bevorder.

Ons het voorheen die DA in 'n posisie van mag en leierskap geplaas in 2016 in verskeie munisipaliteite deur ons stem vir hulle te leen. Ons sal nou ons stem gebruik om onsself in daardie posisie te plaas.

## ONS TOEKOMSTIGE LEIERS EN OPVOEDING:

Ons kinders kan alleenlik voorberei word as die toekomstige leiers as hulle opgevoed word in skole wat veilig en verseker is, wat beman word deur behoorlik en voldoende opgeleide onderwysers en wat al die nodige onderwys materiale het om ons kinders behoorlik kan toerus met kennis en wysheid.

Baie van ons kinders verlaat skool as gevolg van 'n tekort aan inkomste, sosiale euwels soos mishandeling, ondervoeding, dwelm, drank en seksuele misbruik sowel as bendegeweld. Ons sal ons gemeenskappe bemagtig deur middel van onderrig rondom die redes waarom ons kinders skool verlaat en 'n plan van aksie op die been te bring saam met die gemeenskappe. 'n Sosioëkonomiese plan kan slegs werk indien die gemeenskap deel word van die oplossing en in sommige gevalle self die oplossings na die tafel bring.

Een aspek van die plan is om gemeenskappe in staat te stel om Nie-Regerings Organisasies (NGO's) op die been te bring om die opvoeding, opleiding, ondersteuning en hulpbronne aan die gemeenskap beskikbaar te stel. Hierdie NGO's sal Sosiale Entrepreneurs word wat die sosiale probleme sal aanspreek. Die nodige ondersteuning sal aan die NGO's verskaf word om hulle in staat te stel om professionele en volhoubare ondernemings op die been te bring sodat hulle self-onderhoudend en soos sosiale besighede kan werk en nie met 'n bakhand houding voor die staat en korporatiewe instansies hoef te staan nie.

Ons sal druk plaas op Plaaslike, Provinsiale en Nasionale institusies wat verantwoordelik is daarvoor om veilige, goed ingerigte skole, kolleges en universiteite beskikbaar te stel. Ons sal vir meer behoorlike en toepaslik toegeruste TVET kolleges in ons gemeenskap veg, sodoende sal daar 'n geleentheid bied aan die leerders wat dalk nie 'n akademiese verstand het nie, maar eerder 'n innoverende, praktiese benadering tot die onderwys het. Ons land benodig professioneel gekwalifiseerde ambagsmanne. Ons moet ons jeug bemagtig om voordeel te trek uit hierdie geleenthede wanneer dit ontstaan deur te verseker dat hulle gekwalifiseer is wanneer hierdie geleenthede beskikbaar gestel word. Verder, deur meer professionele en volhoubare meganiese werkswinkels, ingenieursfirmas, kabinet winkels, timmerwerk en siviele besighede, ens. in ons eie woonbuurte oprig, kan ons werk aan hierdie ambagsmanne verskaf.

Ons moet 'n kultuur van belegging in ons kinders se toekoms kweek deur ons gemeenskappe te leer om geld te spaar en om in onderwysbeleid te belê, dus om 'n onderwys nes eier te hê wanneer ons kinders met hul sekondêre en tersiêre loopbaan begin. Ons moet professionele mense in ons eie gemeenskappe aanmoedig om finansiële beleggingsbesighede te begin, mense uit ons eie gemeenskappe aan te stel, hulle op te lei as finansiële adviseurs en sodoende die geld binne ons eie gemeenskappe te herwin.

Ons jeug word in bendes vasgevang sodra hulle hul matriek voltooi het en sommige kere terwyl hulle nog op skool is, selfs laerskool. 'N Glansryke lewenstyl is die belofte wat deur Bendes en bendekultuur uitgebeeld word. Hulle glo nie dat 'n werksgeleentheid na matriek bestaan nie en hulle is ongelukkig nie verkeerd nie.

Ons poog om hierdie vooruitsigte te verander deur programme aan te gaan waar ons 'n databasis van werklose jongmense sal skep en dit te gebruik om hulle met potensiële werkgewers en diensagentskappe te bind.

Ons sal hulle verder opskakel en op hoogte hou met regeringsgeleenthede soos beurse, internskappe en ander soortgelyke inisiatiewe deur die vorming en bou van verhoudings met kolleges, universiteite en ander opvoedkundige instellings.

Ons het 'n menigte werklose volwassenes wat afgedank is, maar het jare lange ondervinding en op die werksopleiding. Ons sal programme aanpak om koöperatiewe verhoudings met kolleges en universiteite te bou wat kort kursusse sal bied wat die jare van die werkopleiding in 'n kwalifikasie sal aanwend, wat die werkloses in diens neem.

Ons sal 'n databasis van hierdie individue skep, hulle met potensiële werkgewers en agentskappe bind en sodoende verseker dat ons mense 'n regverdige kans kry om te werk.

Ons sal 'n Entrepreneuriese Kultuur in die lewens van jong "bruin kinders" op laerskoolvlak kweek om te verseker dat skoolverlaters nie 'n "bakhand staan" -benadering beërf nie. Werksoekers (jong mans / vroue) moet die werkgewer word, nie die werknemer nie. Benewens maatskaplike toelaes, gaan ons opleiding, vaardigheidsontwikkeling en toegang tot hulpbronne en befondsing inisiatiewe begin om ons eie gemeenskappe selfdoeltreffend en self volhoubaar te maak.

## VEILIGE GEMEENSKAPPE:

'n Strategiese "Veg Bendegeweld" plan word benodig in gemeenskappe soos Helenvale en die Kaapse Vlakte en tans is die regering is sy geheel en die DA net besig met lippediens terwyl hartseer en sterfte ons mense heers.

"Niemand gee om vir ons nie". Dis slegs ons eie gemeenskappe wat in hierdie omstandighede leef wie 'n verandering teweeg kan bring. Die politikus is nie ernstig om ons te help nie, want hoe langer ons mense lei en van die staat afhanklik is, hoe meer mag het hulle. Kom ons neem ons gemeenskappe terug. Kom ons neem ons krag terug.

Ons sal nooit van drank, dwelms of gebroke families bevry word as ons nie self die plan op die tafel sit nie. Dis ons eie kinders, broers, susters, moeders, vaders, en families wat hierdie euwels in ons gemeenskappe beskerm en in besigheid hou. Slegs ons kan hierdie probleem oplos. Geen hoeveelheid geweld (militêr of polisie) sal ooit die greep wat misdaad op ons gemeenskappe het, breek nie. Dit is eers wanneer ons praat en optree teen gangsterisme en dwelms dat ons 'n verandering sal sien. Kom ons stel self 'n werkbare plan in. Dit is die enigste oplossing wat kan werk. Ons kinders sterf. Soos Ouma Louisa altyd se: Wie gaan ons oumense begrawe as ons kinders almal sterf? Kom ons sit 'n gemeenskaplik vriendelike plan in plek.

## KINDERS- EN VROUEMISHANDELING:

Een van die grootste euwels in ons gemeenskappe is die mishandeling van vroue en kinders. Die Adjunk President het geraak aan hierdie euwel gedurende haar toespraak. Ons kinders en vroue en selfs sommige mans gaan gebuk onder die stryd van emosionele, fisiese en selfs seksuele mishandeling.

Die bruin gemeenskap was 'n nasie met trots en familie waardes. Daardie waardes het by die agter deur verdwyn toe dwelms, drank en die opbreek van families 'n tendens geword het. Ouers het die verantwoordelikheid van die familie begin afskuif op onderwysers en ander.

Kom ons keer terug na die dae toe families trots was op hulself. Mammas en Pappas kom ons neem weer verantwoordelikheid vir ons eie families. Pa's neem verantwoordelikheid vir die kinders wie julle verwek het en moeders neem verantwoordelikheid vir die kinders wie julle rondgedra het vir nege maande.

Ons kinders word seksueel misbruik omdat ons vaders afwesige vaders geword het. Ons kinders word seksueel misbruik omdat ons moeders liewer verkies om in die klubs, sjebeens en dwelm hole rond te hang. Ons kan die regering blameer vir werkloosheid en gebrek aan werksgeleenthede, maar ons kan ons alleenlik skuldig maak aan die misbruik wat ons kinders verduur.

Mans bly weg van die drankbottel en dwelms en kry weer respek vir die moeders van julle kinders en jul sielsgenote. Laat ons terugkeer na ons christelike waardes en mekaar respekteer as gelykes, geskape na sy beeld.

Mishandeling is 'n algemene probleem in ons gemeenskappe en 'n aantal faktore dra by tot die misbruik van vroue en kinders. Ons hoor en sien daagliks van 'n man wat sy vrou doodmaak of ’n pa wat sy seun of dogter seksueel misbruik of selfs vriende en familielede wat dit doen. Ons sien 'n afbreek in die moraal van familie en die heiligheid van die huwelik. Ons sal bewustheid en opvoeding bring oor die kwessies en stigma wat geskep is rondom die verskillende vorme van mishandeling.

Ons sal die ondersteuning van nasionale en internasionale instellings opsoek om bewustheid te bring, maar ook om ondersteuning en hulpbronne te bied aan organisasies wat die probleme van misbruik aanpak in watter vorm ook al in ons gemeenskappe. Geen hulp kan egter volhoubaar wees nie, tensy ons die onderbreking van die gesin en die herstel van ons gesinswaardes aanpak. Laat ons ons oë nie vir hierdie gruweldaad toemaak nie. Kom ons praat en tree op as een gemeenskap teen die misbruik van vroue en kinders.

## OM VERDRAAGSAAM TE WEES MET DIEGENE WAT ANDERS GESIEN WORD:

Compatriots of South Africa is 'n nie-seksistiese, inklusiewe politieke party wat 'n groot hart het en 'n gemeenskapsentriese benadering het.

Ons verteenwoordig en is die stem vir diegene wat nie 'n stem het nie.

Baie mense word met fisiese en geestelike uitdagings gebore. Diegene vorm deel van die vergete mense van Suid-Afrika. Gestremde persone is deur die regering vergete en daar word nie genoeg gedoen om steun te advokaat namens hulle nie. Ons as CSA maak dit ons missie om strukture te betrek en te vestig, bestaande uit gestremde en nie-gestremde mense, om strategieë en strukture in te stel om hierdie probleem te hanteer. Ons beplan om 'n strategie te begin wat met konsultasie en betrokkenheid begin en saam 'n plan opstel wat pas by die deelnemers in daardie ruimte.

Ons sal petisie vir meer geriewe vir blinde, dowe en gestremde persone. Programme wat gestremdes kan help om tot die ekonomie toe te tree en finansieel onafhanklik te word sal ingestel word en prioriteit geniet. Geboue en fasiliteite, sowel as publieke areas moet so ingerig word dat dit gerieflik kan wees vir gestremdes. Restaurante en ander ontspanningsplekke moet voorsiening maak vir braille spyskaarte en tekens wat aanwysings gee.

Baie, nie deur hul eie doen nie, word met verskillende seksuele voorkeure gebore, maar word met afgryse en onverdraagsaamheid behandel. Daar is baie gedoen met navorsing om te verduidelik hoe ons Gay- en Lesbiese Gemeenskappe het, maar daar word nie genoeg gedoen om ons gemeenskappe op te voed oor hierdie kwessies nie, dus die onverdraagsaamheid. Ons beplan om saam met die GLBT-organisasies te werk om maniere om verdraagsaamheid en opvoeding oor hierdie kwessies te verdeel. Ons GLBT-gemeenskap is 'n baie talentvolle gemeenskap met 'n flair vir kreatiewe kunste. Ons ondersteun die ontwikkeling van die kreatiewe kunssektore en is derhalwe gretig om strategieë te implementeer om strukture bekend te stel om ondersteuning te steun vir en verdere bemagtiging van ons kunstenaars. Ons sê nie dat jy gay moet wees om kreatief te wees nie, ons sê dat ons inklusief is.

Die Khoi, San, Griekwa en ander inheemse stamme het 'n ryk kulturele geskiedenis. Ons sal programme begin wat ons taal, ons geskiedenis en ons artefakte sal herstel. Die kunste sal gebruik word om ons verlede uit te beeld en ons toekoms te eis.

## GESKIKTHEID EN GEMAKKELIKE TOEGANKELIKE GESONDHEIDSFASILITEITE BINNE ONS GEMEENSKAPPE:

Diabetes, hoë bloeddruk en cholesterol is die stille moordenaars wat die lewens van ons geliefdes neem. MIV, vigs en tuberkulose is algemeen in ons gemeenskappe. Wat nog meer kommerwekkend is, is die afwesigheid van ordentlike, kwaliteit en gemaklike toeganklike gesondheidsorg- en gesondheidsorgfasiliteite soos klinieke en daghospitale, gesubsidieer deur die regering.

Net hier op ons deurdrumpel is ons kliniek in Helenvale gesluit. Die media het gehelp om die lot van daardie gemeenskap op die voorgrond te bring, maar dit is geïgnoreer. Kleinskool is 'n arm gemeenskap sonder ’n kliniek. Baie kwesbare, bejaardes en siekes moet lang afstande loop om gesondheidsorg te kry, maar elke swart voorstad het toegang tot 'n kliniek in hul onmiddellike omgewing.

Ons sal petisie vir kwaliteit, bekostigbare, professionele en maklik toeganklike gesondheidsorgfasiliteite gesubsidieer deur die regering, geleë in die gebiede waar ons mense woon. Ons sal aandring vir meer gekwalifiseerde personeel en beter infrastruktuur wat daarop gemik is om versorging en vertroosting te bied vir ons bejaarde, kwesbare en siek mense.

Ons sal nie-winsgewende organisasies en gemeenskapsgebaseerde organisasies skep en ondersteun wat bewustheid bied oor die kwessies van diabetes, bloeddruk en verwante toestande, asook wanvoeding, kanker, MIV, tuberkulose en ander “*gateway*” siektes. Ons sal hulpbronne en befondsing verkry om hierdie organisasies en strukture te bevorder.

Ons sal soek vir ordentlike akkommodasie fasiliteite vir verpleegpersoneel en verpleegstudente.

Ons sal enige korrupsie of nalatigheid in die gesondheidsorg professionele omgewing na vore bring wat die reg op waardige en ordentlike gesondheidsorg aan ons gemeenskappe ondermyn. Fasiliteite soos die Livingstone en Dora Ngiza hospitale, om maar ’n paar te noem, wie se personeel opleiding sowel as kliënte dienste aandag nodig het sal op ’n nasionale vlak aangedurf word.

Ons oumense en siek mense se menslikheid en menswaardigheid word verder aangetas deur sommige personeellede in hierdie instansies en sal nie geduld word nie.

Oumense en siek mense word behandel sonder respek vir hul siekte of ouderdom. Daar word van hulle verwag om lang afstande af te lê, lang ure in die reën of hitte te staan sonder beskutting en geen onderskeid word gemaak tussen die jonges en ouer mense of die baie siek en die wie gesond is nie.

## HERKENNING VAN DIE SAKK (SUID AFRIKAANSE KLEURLING KORPS):

Die SAKK militêre veterane het ’n groot bydrae gelewer in Suid Afrika se geskiedenis. Tot op datum word slegs die ANC veterane erken. Compatriots of South Africa is van voorneme om hierdie opsetlike verontagsaming van SAKK se bydraes te bevraagteken en aan te vat. So ook die saak van bruin soldate wie gedurende die eerste en tweede wêreld oorlog hul lewens gewaag en sommige hul lewens gegee het vir die beskerming en behoudenis van Suid Afrika.

## AANGAANDE DIE BEVEGTING VAN KORRUPSIE:

Vir hoe lank gaan ons toelaat dat die ANC ons aan ons neuse lei deur te glo dat die ANC nie bewus was van die korrupsie waarvan nou getuig word in die ZONDO KOMMISSIE? (Eskom, SAA, SABC, BOSASA). Cyril Ramaphosa was toe die Adjunk President en getuies kan getuig dat hierdie dinge alreeds toe die

fokus punt van besprekings was in die Portefeulje Komitee Vergaderings. Alle politieke partye word in hierdie komitees verteenwoordig. Dus het alle party wat tans verteenwoordig word ’n medepligtige daaraan geword deur die waarheid vir ons as Suid-Afrika weg te steek.

Ons sal veg om ons gemeenskappe te verteenwoordig en opvoed oor hierdie korrupsie en wil strukture en forums in plek stel om die fluit te blaas op korrupsie eens en vir altyd.

## LAND ONTEIENING SONDER VERGOEDING:

Ons is die afstammelinge van die Khoi, San, Griqua en Boesman. Ons is sonder twyfel VIR land onteiening sonder vergoeding.

Ons land was gesteel van ons af deur kolonialiste. Ons is op ’n missie om ons menswaardigheid te herstel. Deel van hierdie proses is om eienaarskap op te neem van ons kosbaarste hulpbron: GROND! Ons glo egter dat dit wel in ’n verantwoordelike manier gedoen moet word wat nie ons ekonomie en voedsel sekuriteit negatief sal affekteer nie.

Die land onteieningsproses moet hand-aan-hand loop met opleiding en vaardigheidsontwikkeling, ’n opvoedingsprogram vir nuwe plaasboere, toegang tot nodige hulpbronne en befondsing. Die produksie proses moet ineen skakel met prosessering en toegang tot markte om te verseker dat opkomende plaasboere voordeel kan trek uit die hele proses. Die “koöperasie” model vanuit die Apartheidsjare is ’n suksesvolle model en kan met groot sukses geïmplementeer word. Die vermoë om in groot maat dan aan te koop word net verder versterk deur so ’n model.

**Ons was deur die Apartheidsregering gebrandmerk as Kleurlinge. “Kleurling” is nie ’n ras nie, dit is en sal altyd ’n Apartheidsklassifikasie wees. Ons is op ’n missie om ons menswaardigheid te herstel deur kulturele bewusmaking, opvoeding, informasie te deel en te veg vir gelyke toegang tot hulpbronne deur ons inheemse geskiedenis en kennis te deel. SAAM sal ons die menswaardigheid van ons mense kan herstel. Ons is trotse afstammelinge van die KHOI, SAN en die BOESMAN!**

**ONS IS COMPATRIOTS OF SOUTH AFRICA.**